## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

14 Augustus 2014

Dagsê Almal

Ek kniel op my Faith gebedskussing by Sy voete vanoggend en kyk op na Hom om dankie te sê vir die borduurmasjien wat afgelewer is. Almal wat al kom loer het is stomgeslaan. Vir ons 'n droom wat waar geword het. Ook dank ek Hom vir die ekstra's wat saam met die masjien gekom het. Dit laat my so klein en nietig voel om in Sy teenwoordigheid te kom en vir Hom te dank oor die onbeskryflike gevoel van vrede in my oor die Eljada Huis. Die manier waarop Hy so getrou vir ons sorg is gedurig WOW.

Daarom het ek vanoggend ook die vrymoedigheid om vir julle 'n geleentheid te bied om ook in hierdie gevoel te deel. Su-marie het Gr11 gedruip verlede jaar en soos enige tiener was sy onbeskryflik teleurgesteld en wou nie teruggaan skool toe nie. Petro het lank met haar gesels en haar bemoedig en aangespoor om tog terug te gaan. Sy het, en met groot trots het sy hierdie jaar tot nou toe met lof geslaag. Verlede week kom staan sy so skaam-skaam voor my met 'n glimlag van oor-tot-oor en ek sien die VLR balkie op haar bors. Ek gryp haar en gee haar 'n stywe drukkie en fluister in haar oor dat dit is wat die Here vir haar gewil het toe sy verlede jaar nie geslaag het nie. Nou smaak sy die vreugde wat teleurstelling soms ook kan bring. Ai dit maak darem dat ons werk hier wat so beloon word, die seer voete en moëe lywe ten spyt die moeite en liefde werd is. Saam met die balkie kom ook uitgawes wat nogal dringend is; die jaar se baadjie kos R250 en die leierskaps kamp se koste is R650. Haar sussie Tanya wat hierdie jaar in Gr12 is, het haar VLR balkie met groot trots gedra en vir haar lê die matriekafskeid voor. Sy en haar ouers kan egter nie die kostes van die afskeid(R380) bybring nie. Haar matriekafskeidsrokkie wat sy vir my 'n fototjie kom wys het is vir haar nog net 'n droom. Ek glo en vertrou dat iemand haar hiermee sal kan help. Sy het haar Gr12 jaar tot dusver met haar geloofsoortuiging uitmuntend geslaag want elke geleentheid wat sy gekry het om oor haar geloof te getuig het sy dit gedoen. Ek en Petro is waarlik baie trots op hierdie twee dogters. Van hul ma wil ek nie eens praat nie. Corlia blom.

Ek het twee mense Kobus en Dina wie se ogies reeds getoets is en albei moet dringend brille kry maar dit kos R480 elk. Ons fondse kom nie by hierdie dringende uitgawes by nie en vertrou ek dat jul ons kan help. Dit is noodsaaklik want albei van hulle kan eerstens gladnie hul bybels lees nie en dan het Dina reeds haar vingers raakgesny met die groenteverwerking en moet ek haar daar uithaal. Sy moet eers haar bril kry voor ek haar weer 'n mes in die hand kan gee.

***Nou die groot nuus*** – ons eerste groente word volgende week verwerk vir **Bestellings**. Bestelvorms is by my beskikbaar – eljadahuis@mweb.co.za of skakel my of Petro gerus. Die bestellings kan maar instroom want dit is ons aanloop tot die finale evaluasie vir die wenners van die HH kompetisie. Finale evaluering vind plaas op 1 September en die wenners word die 5de aangekondig. Ons word ge-evalueer op die verkope om die sukses van die projek te bepaal. Asseblief versoek ons dus dat u ons hiermee sal ondersteun soos met die sms'e. Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete.

Annatjie – 072 855 8289

Petro - 0760571650

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***U kan nou 'n debietorder teken wat gekoppel is aan 'n leefstylprogram wat ook vir u waardevol kan wees. Kontak my gerus.***

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

- **KOS – BAIE GROOT NOOD.**
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly.**
- **WARMGOED – KOMBERSE EN BAADJIES**
- **Plastiese sakke en bakke, bottles.**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe.**
- **Plastiese tafeldoeke.**
- **Groot tafels.**